Ps. 91:1 Bid in My Naam. L [Potch 31 Mrt '57

" 130:1, 2. Joh. 14:1-14

Ges. 77:4.

Joh. 14:13 – En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.

Die mees ongelooflike beloftes word in die Bybel verbind aan gebed: verlossing, genade, krag en seën is toegesê aan almal wat tot God sou roep en hulle aan Hom sou toevertrou. Reeds in die O.T. vind ons die rykste beloftes in dié verband. Maar dis eers in d. N.T. dat dit sy volle krag ontplooi. Hoor wat sê Jesus Christus in sy bergrede (Matt. 7:7.8) – „Bid en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word" en in Mark. 11:24 – „Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry." Maar dis eers in die Bovertrek waar hd. self die beloftes in hulle diepste betekenis ontplooi word.

Want hier (in die Oppersaal d. laaste nag) leer Jesus hulle bid op 'n nuwe manier. Hier gee Hy aan gebed 'n nuwe grondslag (fondament), 'n nuwe geloof (vertroue) 'n nuwe gesig (vergesig) as Hy sê: „In My Naam". Hulle moes bid in Sy Naam en hulle sou verhoor word om Sy ontwil. Soos daar 7 Kruiswoorde is, so is daar hier ook 7 gebedsuitsprake:

Joh. 14:13 – Joh. 14:14 – Joh. 15:7 – Joh. 15:16 – Joh. 16:23 – Joh. 16:24 – Joh. 16:26

I ~~Bid in Jesus Naam~~ Die Belofte i/d Gebed: Noodsaaklik om te weet wat dit beteken om te bid in Jesus se Naam. 'n Gesant wat deur 'n Koning in Sy Naam na 'n ander Koning gestuur word, mag alleen oordra wat dd. Koning self sou sê of dink. So mag ons alleen in Jesus' Naam bid dit wat Jesus ons voorgesê het!

Die Here Jesus het nêrens verduidelik wat Hy bedoel het m. „bid in Sy Naam" omdat die betekenis vir elke Israeliet duidelik was. Die Naam van God was sy wese, sy Persoon, sy Karakter. Waar God Israel verlos het was dit alleenlik om Sy Naam te heilig wat deur hulle ontheilig is. Net so, wat Jesus laat verstaan, is gebed in Sy Naam die gebed wat een is m. Xtus, wat d. gees v. Christus vertolk, wat d. mense van Xtus voorstel, wat d. doel v Christus bevorder en naastreef.

Wat dus tel in ons gebede is nie ipv 1e plek hoeveel ons sê, hoe lank ons bid, hoe mooi ons bid, hoe hard ons huil, hoe veel ons versoeke of offerandes nie! Nee – wat tel is of ons bid in die Naam v Jesus en om Sy ontwil!

„Om Sy Ontwil"

II Die Verhindering om te Bid in Sy Naam: Iemand het eendag gesê: Bid is nes telefoneer. Soms gebeur dit dat deur 'n swaar storm daar takke op d. drade waai, of die weerlig 'n kortsluiting maak sodat geen gesprek moontlik is nie. In sy treffende boek „De Man van Smarten" noem C.J. Hoekendyk 'n aantal van hierdie kortsluitinge op wat d. Bybel vir ons aandui (Soos hy dit van 'n ander skrywer gekry het): – Vermeld soos volg:

① Ongeregtigheid: Jes. 59:1-2: „Kyk die hand v.d. Here is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie, maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur gevorm tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie" Dan noem Jesaja sekere dinge pertinent: valse lippe, vuil vingers, bloedbevlekte hande wat alle gebed onmoontlik maak!

② Ongehoorsaamheid: 1 Sam. 8:18 – „En in dié dag sal julle roep vanweë julle Koning wat julle vir julle verkies het, en die Here sal julle in dié dag nie verhoor nie." Hoe dikw. het God nie gewaarsku: geen Koning! Teen al Gods raad en bevel in – Kan God dan verhoor? (Vgl.: goddelose huwelik)

③ Onbarmhartigheid: Spr. 21:13 – „Wie sy oor toestop vir die geskreeu v.d. arme, hy sal self ook roep en nie verhoor word nie" Gierigheid, hardvogtigheid, meedoënlose oordeel oor my arm medemens – onwilligheid of weiering om hand oop te maak: Kan God dan verhoor?

④ Onversoenlikheid: Matt. 5:23-24 – „As jy dan jou gawe na d. altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers m. jou broeder –" So nie ÷ Dus: as ek d. oorsaak is – maak dit reg. Kan God dan verhoor?

⑤ Onvergewensgesindheid: Matt. 6:15 – „Maar as julle d. mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie" Lank uitmeer oor d. onreg wat ander jou aangedoen het – & as jy weier om te vergewe dan luister God nie na jou!

⑥ Onreinheid: 1 Tim. 2:8 – „Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis" Toorn, twis, woede, vloekwoorde, opvlieendheid – ook liefdeloosheid, kwaadaardigheid, gebedsdrade hang – vrugte v. onreinheid wat o.d. kortsluitings veroorsaak! Hoe kan God verhoor?

⑦ Ontrouheid: 1 Petr. 3:7 – „Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en a.d. vroulike geslag, as d. swakkere, eer bewys, omdat julle mede-erfgename v.d. lewe is – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie"

– Eis d. onmoontlike van mekaar!

(8) Ongebondenheid – Jak 4:3 – „Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle wellustes deur te bring"
→ afsluiting gebed: „In d. Naam v Jesus"

III Die Versekering v/d Gebed: „Dit sal Ek doen" Die woorde laat nie d minste twyfel nie – dis 'n goddl. versekering wat vir ewig vasstaan. Nêrens was Christus so duidelik en beslis op die punt as juis hier: „dit sal Ek doen". Wie Jesus se lewe ken, wie sy beloftes nagegaan het, weet: nooit het Jesus sy woord gebreek nie; nêrens het Hy een jota of tittel afgewyk van dd. gegewe woord nie! Is dit nie wonderlik dat ons dan mag weet: hier is 'n versekering waarop Ek kan gaan – want dis verseël deur d. bloed v Xtus, deur sy dood aan die Kruis!
~~→ Afsluiting gebed~~: N.B. Tyd – (Moeder, kind, blompotjie)
[illegible] (Monika v Augustinus

IV Die Doel v.d. Gebed: „Sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word".

Die goeie naam v ~~Jesus~~ God d. Vader is op d. spel – Sy eer. Maar ook d. eer v Jesus is op d. spel: Hy het belowe: „dit sal Ek doen"!